

9 Maart

Skrifgedeelte: Titus (verkieslik die hele brief)

Fokusgedeelte: Titus 3:3-8

Opgeroep om as verlose mense in die nuwe Suid-Afrika te lewe

In Titus beklemtoon Paulus dat God die God van waarheid is (Tit 1:2). God is duidelik anders as die mense van Kreta wat wêreldberug vir hulle leuens en bedrog was (Tit 1:12,13). Tog het God die evangelie van Jesus Christus ook dáárheen gestuur. Die name *God ons Verlosser* en *Jesus ons Verlosser*, kom deurlopend in Titus voor. Dié name beklemtoon onder andere dat God sondaars losmaak uit die mag van die bose en die sonde, en hulle deel maak van sý koninkryk.

Die bekeerde Kretensers was steeds burgers van Kreta, maar nou was hulle eerstens *hemelburgers* – mense wat eenvoudig anders as vantevore begin lewe het. Eers was hulle lewens vol valsheid en bedrog, nou het hulle lewens getuig van integriteit en waarheid. Op Kreta was dit nog belangriker as in enige ander samelewing wat nie so berug vir verkeerde dinge was nie. Die Kreta-Christene moes so lewe dat niemand ‘n vinger na hulle toe kon wys nie (vergelyk veral Tit 2:5,8). Eerlike, hardwerkende mense wat ‘n positiewe bydrae in hulle gemeenskappe maak, dwing uiteindelik respek af. Dit is mense na wie ander luister. Só sou baie Kretensers vir die Here gewen kon word. Behalwe dat sy koninkryk vir ons die ewige lewe beteken, hou dit ook in dat ons Hom nou al hier op aarde sal dien (vergelyk Tit 1:1,2: “diens aan God” (1983-vertaling); “godsvrug” (1953-vertaling)).

In die nuwe Suid-Afrika het ons tans rede om te kla oor die bedrog en soustreinyery. Ook hier verwag die Here dat ons as verlostes besonder eerlik en opreg sal lewe en ons daaglikse werk getrou sal doen. Hoe sal die heidene die ware God en die enigste Verlosser anders leer ken? Hoe sal heidene anders respek vir sy Woord en evangelie kry?

Ds DF Muller (Uitschot)